Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-10-07

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN OKTOBER 2020

VAKANSIE – MNR GERICKE

Graag wil ek vir al ons ouers en leerlinge 'n aangename en veilige vakansie toewens. Dankie vir 'n besige 3de kwartaal maar ook vir elke leerling en ouer se toewyding om Laerskool Elspark dié beste skool vir kinders te maak.

Die skool sluit Vrydag, 23 Oktober om 10:00
Skole heropen weer Maandag, 2 November om 7:30

RAPPORTE : GR 1 TOT 7 – MNR DENNER

Die leerlinge sal hulle rapporte op Donderdag, 22 Oktober tydens die laaste periode ontvang. Onafgehaalde rapporte sal die eerste dag van kwartaal vier aan die leerlinge oorhandig word.

NB!!! Geen rapporte sal voor die tyd uitgedeel word nie.

NASKOOLSENTRUM – ME McKENZIE

Reëlings vir vakansie:
Tydens die skoolvakansie open die sentrum om 07:00 en maak stiptelik 17:30 toe. Wees asb. betyds.

NB!!! Onthou asb. om vir die leerlinge kospakkies in te pak vir die dag!

Dagbesoekers betaal R100 per dag. Gelde is vooruit betaalbaar. Speelgoed word op eie risiko saamgebring. Geen middagete of koeldrank word bedien nie so onthou asb. om 'n kospakkie in te pak. Daar sal 'n naskoolsnoepie wees so onthou om 'n geldjie saam te bring.

ALGEMENE JAARVERGADERING 2020 – MNR GERICKE

Ouditverslag 2019
Skoolverslag 2020
Begroting 2021

Alle ouers word hiermee kennis gegee en uitgenooi na die Jaarvergadering wat gehou sal word op Dinsdag, 24 November 2020 om 18:00. Die vergadering sal 'n virtuele vergadering wees (Zoom). Die skakel sal nader aan die tyd deurgegee word aan u.

Die volledige verslae sal vir hierdie vergadering beskikbaar gestel word 14 dae voor die tyd.

SKOOLGELDE VIR 2020 – MNR GERICKE

ABBA OUERS: BAIE BELANGRIK IN HIERDIE MOEILIKE TYE

Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer!

Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.

ITEM		BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2020
1	Skoolgeld vir enkelkind	R1 372	12 Maande	R16 464
2	Skoolgeld vir tweede kind	R1 372 (R2 744)	12 Maande	R16 464
3	Skoolgeld vir derde kind	R550 (R3 294)	12 Maande	R6 600
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se skoolgelde is nou betaalbaar.				
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	R1 067	11 Maande	R11 737
5	Naskoolgeld vir tweede kind	R1 067 (R2 134)	11 Maande	R11 737
6	Naskoolgeld vir derde kind	R1 067 (R3 201)	11 Maande	R11 737
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se gelde is nou betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. *NB! NASKOOL GELDE IS VERLAAG VANAF 1 AUGUSTUS NA R800 PER LEERLING. ONTHOU ASB OM 'n KOSPAKKIE VIR HULLE IN TE PAK.*				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	R1 485	12 Maande	R17 820
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se gelde is nou betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting word toegestaan indien u, u jaar se gelde vooruitbetaal nie.				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

SKEPPENDE KUNSTE GR 4 TOT 7 – ME LABUSCHAGNE

Die formele assessering vir Skeppende Kunste van 9 tot 16 Oktober is uitgestel tot verdere kennisgewing.

TUINEDAG – ME DU TOIT

Wanneer: Vrydag, 9 Oktober

Leerlinge kom in gewone klere skool toe met al hul boeke vir 'n Vrydag se klasdraf. Sorg asb. dat u kind gemaklik aangetrek is en 'n hoed/sonskerm aan het.

Elke kind bring sy plantjie saam. Ons sal plant vanaf 1ste pouse af. **Die skool verdaag 12:00**, daar sal toesig in elke graad wees toe 13:30 vir kinders wat nie 'n heenkome het nie. Die Naskoolsentrum sal funksioneer vanaf 12:00.

GRAAD 6 LEIERIDENTIFISERINGSDAG - ME NOVELLIE

Datum: Saterdag, 10 Oktober
Tyd: 08:30 tot 15:30
Koste: R250 per kind

Baie belangrik!

- Leerlinge moet eie kospakkies pak vir die dag, met water of koeldrank ook.
- Sonbrandmiddel en hoed
- Vrydagdrag en masker
- Bring jou pennesakkie

Indien dit reën sal die dag nogsteeds voortgaan.

GHOLFDAG - LEIERPROJEK

Laerskool Elspark se leiers van 2020 bied ons jaarlikse Gholfdag aan op 27 November 2020 by Royal Oak, Country Klub in Brakpan. Die leiers van 2020 gaan hierdie fondse aanwend om opknappingswerk te doen aan Laerskool Elspark se hoofingang.

Koste: R400 per speler (R1600 'n vierbal)
R350 per karretjie
R500 om 'n gaatjie te borg (2 - 17) en u eie maatskappy te adverteer.
R1 000 om 'n gaatjie (1 of 18) te borg en u eie maatskappy te adverteer

Kontak die volgende persone indien u belangstel:

Chantelle Steyn (084 952 1092)
Carene Boshoff (083 280 0902)
Amanda Buys (072 808 0882)
Marinda Lourens (082 785 2953)
Karin Butler (083 308 8381)
Yolanda Pretorius (083 255 6818)
Dulcie Kitshoff (079 694 8238)
Riaan Pretorius (011 893 2024)

GHOLFDAG PRYSE.
Ons wil graag 'n beroep doen op ons ouers om ons die jaar te help met pryse vir die Gholfdag. Enige iets wat u dink ons kan gebruik vir pryse sal welkom wees. Groot asb! Kontak asb. enige van die bogenoemde persone indien u ons daarmee kan help! Dankie dat ons altyd op u bydraes kan staat maak!

KOSKAS/KOSPAKKIES VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE - ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal graag dit weer wil volmaak vir tye wat ons die kos broodnodig het.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n-blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkies, bad benodigdhede, ens.) te skenk, stuur dit na u kind se registeronderwyser.

Ons gee ook daagliks vir 45 leerlinge kospakkies/toebroodjies, in baie gevalle is dit hierdie leerlinge se enigste maaltyd vir die dag. Ons benodig asb. nog ouers wat bereid sal wees om te help hiermee. Voltooi asb. die onderstaande skeurstrokie en stuur dit aan u kind se registeronderwyser, indien u van hulp kan wees.

KLEREBANK - ME ALTA DU TOIT

Die klerekamer funksioneer op 'n epos-stelsel. U kan vir Me Alta du Toit laat weet wat u nodig het en sy sal dit so gou sy kan uitsorteer (Alta@elsies.co.za).

'n Vriendelike versoek word gerig aan al ons ouers om die klere wat te klein is vir die skool te stuur. Daar is heelwat navrae vir kouse en ook skoolskoene.

OPVOEDING - ME GROBLER

Respek is 'n belangrike aspek van opvoeding. Leer u kind om ander met respek te behandel, dan sal hul ook so hanteer word deur ander. Respek speel 'n sleutelrol in u kind se toekoms.

Hoe leer ons respek?

- Bly kalm en moenie oorreageer wanneer u kind disrespekvol optree nie.
- Spreek u kind aan maar fokus op probleemoplossing m.a.w. gee vir u kind die korrekte respekvolle alternatief.
- Wees 'n rolmodel deur respekvol op te tree teenoor ander.
- Praat met respek wanneer u bv. onderwysers, kollegas, vriende en u kind se maats en hul ouers bespreek.
- Wees respekvol wanneer u openbare plekke besoek.
- Toon respek teenoor jou eie kind.

DANKBAARHEID

- Baie dankie aan ons Hemelse Vader dat hy elke dag sy beskermende hand oor ons hou!

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie kospakkie
Behoeftige leerlinge

Ek ouer/voog _____ van _____ in Gr _____ is bereid om op 'n rotasie basis 45 kospakkies/toebroodjies te pak wat gedurende eerste pouse uitgedeel sal word aan die behoeftige leerlinge.

Kontak nommer: _____ Epos: _____

Handtekening: _____